DEAL 114 | WEEK 40 | 7 OKTOBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Seine saam met Eskom af!




Inwoners van Heilbron is redelik keelvol vir MTN. Die verskaffer se netwerk was die afgelope week negentig persent seinloos. MTN pak die skuld op beurtkrag. Daar word beweer dat as gevolg van die gereelde beurtkrag, batterye van die selfoontorings nie tyd kry om te herlaai nie. Die hoof van komparatiewe sake by MTN, mev. Jacqui O'Sullivan, verduidelik dat hulle baie geld aan die battery rugsteunstelsels en kragopwekkers bestee het sodat selfone gedurend beurtkrag gebruik kan word. Daar word ook beweer dat MTN se batterye oor die algemeen 6-12 ure hou, maar benodig 12 tot 18 ure om te herlaai. MTN het in 2018 alleen 300 miljoen rand aan batterye spandeer vir persele. Dit sluit die nuwe persele uit. Die kragonderbrekings benadeel die batterye. Inwoners is egter nie tevrede met MTN se verskonings nie en versoek dat die maatskappy so gou as moontlik ŉ oplossing vir die probleem vind . Besigheidseienaars wat van die netwerk gebruik maak is van mening dat hulle belangrike oproepe verwag en dat die netwerkprobleem deur kliënte gesien kan word as ŉ swak diens wat gelewer word. Daar word ook vrae gevra oor hoe sekere netwerke soos Vodacom nie probleme met seine ondervind nie, alhoewel almal oral dieselfde hoeveelheid ure beurtkrag het? MTN word op Facebook deur ŉ gebruiker beskryf as onbetroubaar. Inwoners van Heilbron het ook aan MTN self ŉ e-pos gestuur met die hoop op terugvoering en oplossings. Dit wil voorkom asof die netwerk se verbruikers nog lank gaan sukkel met die probleem.

## MATRIEK PAARTJIE VAN DIE JAAR!

Dis weer daardie tyd van die jaar waarna elke matriek seun en dogter uitsien vanat hulle hul hoërskool loopbaan begin het. Met die eindeksamen om die draai het talle matrieks hul laaste skooljaar saam hul klasmaats afgesluit, deur die skool se jaarlikse matriekafskeid by te woon. Die jaar het die Heilbron Herald weer besluit om 'n kompetisie te loots vir Riemland Matriekafskeid paartjie van die jaar. Met die matriekafskeidgees op sosiale media kan jy en jou metgesel 'n kans staan om hul gunsteling fotos op 2 x A2 canvas te print. (Een canvas van 'n A2 grote vir elk) asook 'n Oj's *voucher* met 50% aflag op enige iets by die restaurant tot en met R500.

Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en die twee "canvasses" is jou en jou metgesel sin! Stuur jou gunsteling matriekafskeid foto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook blad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" kan werf. Foto inskrywings sowel as "likes" sluit die 1ste November om 08:00. GEEN foto's of "likes" word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanner die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is (naam en van) en vanaf watter skool. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op die 4de November.

Vir enige navrae kontak Hendie by 071 1759807. Sterkte aan al die deelnemers!!!

**Bepalings en voorwaardes:**

•Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

•Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 1ste November 2022.


•Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

•Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

•Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: " Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik kan word en getel sal word as ŉ "like".

•Slegs paartjies wat in 2022 ŉ matriekafskeid bygewoon het mag deelneem.

•Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings tref.



ink GRAVE

FOR ALL YOUR PRINTING & CORPORATE NEEDS

ALWAYS BEEN DREAMING OF HAVING YOUR OWN BUSINESS?

• *Designing and sinage business for sale*

• *Currently located in Eastern freestate*

• *Roland printer with cutter and all other equipment as is*

• *All vinyls printing, canvases, tshirt printing, mug press, eyelid press, cap press etc.*

CONTACT 0828191000 FOR FURTHER INFO AND PHOTOS.

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

*Donderdae – Royal Auction Centre*

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451





BKB

www.bkb.co.za

HIGH FERT KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

WILGE CHEM

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Uit die pen: Week 40 van 2022



Wanneer 'n nuwe personeellid by 'n skool begin, is daar gewoonlik 'n sekere mate van oriëntering. Die nuwe persoon word deur die skoolgronde geneem, die gebruik van sekere klaskamers word verduidelik. Daar is moontlik 'n ge-teedrinkery om hulle welkom te heet. Iemand onderneem om die nuwes te help om hulle voete te vind. Jy leer meer van waar om wat te vra, waar die fotostaatkamer is en wie daarvoor verantwoordelik is. Watter papierwerk waarvoor nodig is.

Dis in die begin van die jaar.

Maar as jy durf waag om enige ander tyd by 'n skool aan te sluit, word hierdie gewoonlik nie gedoen nie. Almal jaag by mekaar verby om na hulle klasse te gaan, die kwartaal skop met 'n gejuig af en omdat beplanning alreeds die vorige kwartaal gedoen is, loop die ratwerk glad.

En die arme nuwes sukkel.

Ek sien op die rooster dat ek vandag moet speelgronddiens doen. Saam met dit kry ek 'n kaart om my roete aan te dui. Ja, 'n kaart waar noord en suid duidelik aangedui word. So asof ek sou weet waar noord en suid is, ek is totally clueless daaroor.

Dit laat my dink aan 'n tyd, baie lank gelede, toe ek saam met my ouers en my rooikopsussie Namibië toe is. Die ligblou Corolla was styf gepak met ons bagasie en 'n hele skaap. Geen lugreëling en met radio-opvangs slegs plek-plek. Onthou: dit was jaaaaare gelede.

Tussen Mariental en Keetmanshoop trek my ou pa af om 'n uiltjie te knip. (In daardie dae was dit glad nie gevaarlik om dit te doen nie – ek sê mos dit was jaaaaare gelede). Toe hy beter voel, skuif hy reg en sluit weer die kar aan. My sussie word so amper wakker.

Die maan kom op tussen die takke van 'n kameeldoringboom.

"Pa," vra Liena slaperig. "Pa, is dit die son of die maan daai?"

"Nee, my kind. Ek weet nie. Ek is ook maar nuut hier."

En dis min of meer hoe ek oor noord en suid voel.

Iedergeval. Ek vat my staproete, deur die parkeerarea, een of ander aanplanting en land uiteindelik in die inheemse tuin. Daar is 'n paar bordjies wat die naam en botaniese name van seker van die plante aandui.

Die klok lui en die meisies skarrel klas toe. Ek is totaal verdwaal. En verward. Gelukkig het ek nie 'n klas nie, en ek kan maak asof ek vir 'n wandeling gegaan het terwyl ek my pad terug soek. Na afloop van die staproete moet elkeen 'n vorm invul om enige insidente aan te meld.

Ek het laaskeer vertel dat die leerders nie toegelaat word om selfone in die klas te gebruik nie. Hulle rokke het net een sak: aan die regterkant. Wanneer ek 'n lang verduideliking op die bord geteken het (ek werk in prentjies), vra sommige van hulle of hulle 'n foto mag neem. Wanneer ek inwillig, is dit soos 'n goed georkestreerde beweging: die meisies reik na die regterkantse sak, telefoon uit, mik, druk, bêre die foon. In my kop voel dit amper soos in die weermag: een, twee-drie een. En dan is alles weer soos wat dit was.

In die middel van 'n toetsperiode lui iemand se foon. Niemand knip 'n oog nie, want almal s'n is oopgesper. In afwagtig. Ek kan my die rolprent verbeel wat in die skuldige se kop afgespeel het: Sal die nuwe juffrou weet van die reël? Het sy ooit die foon gehoor? Hoekom het ek dit nie afgeskakel nie?

Ek kry die skuldige. Die foon word afgeneem, in 'n sakkie geplaas tesame met die vormpie (nog een!) wat ingevul moet word om aan te dui wie se foon dit is, die maak daarvan, kleur, graad, waar en wanneer die foon gekonfiskeer is.

Die jong dame stap saam met my na die kantoor toe. Ek met die sakkie stewig in my hand vasgeklem.

"But ma'am, ma'am, please. I did not know that my phone was active. Ma'am, it was my mother who phoned me. Ag, please, ma'am."

Ons kom die kantoor binne, op dieselfde tydstip toe die skoolhoof uitstap. Sy vra na die aard van ons besoek. Ek verduidelik dat die jong dame se foon gelui het en dat dit haar ma is. Ook dat ek die foon gekonfiskeer het en die vormpie ingevul het. Ek oorhandig dit aan die skoolhoof.

"Hoekom het jy 'n aktiewe foon by jou?" vra die skoolhoof.

"Want my ma het my gebel."

"Goed," sê skoolhoof, "wat is jou ma se telefoonnommer?"

Die sekretaresse bel die nommer wat die dogter aframmel. Dit lui en die ma antwoord.

"Mevrou, u dogter het 'n aktiewe selfoon by haar gehad. U het haar blykbaar gebel."

Die ma vra dat ons die luidspreker aansit.

"Hoekom jok jy so? Jy weet jy mag nie 'n aktiewe foon by jou hê nie. Ek het jou nie eers gebel nie, nog 'n leuen. Mevrou die skoolhoof, mag ek iets voorstel?"

Die skoolhoof willig in.

"Gaan voort om die foon te konfiskeer. Hou dit vir 7 dae soos wat die gedragskode en skoolreëls bepaal. My dogter moet daaraan gewoond raak om reëls se volg." My mond hang oop van verbasing.

"En my kind, ek hoop dit leer jou 'n les."

Ek was uit die veld geslaan dat daar steeds ouers is wat hulle kinders aanmoedig om reëls en regulasies te gehoorsaam en nie altyd hulle kind se kant kies nie. Ouers wat, deur ferm op te tree, hulle kinders brei tot volwaardige landsburgers.

Probleem is net: daar is so min van hulle. Indien jy hier lees en jy 'n ouer is wat dieselfde sou doen, wil ek jou vandag salueer en bedank vir die bydrae wat jy lewer. As almal sò optree, kan ons eendag, nie so ver van nou af nie, korrupsie, wetteloosheid, boeliegedrag, moord, diefstal, verkragting en nog baie meer, uitroei.

Maar soos wat Jeanne Goosen in 1990 geskryf het: Ons is nie almal so nie.

Tot volgende keer.

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

# briewe van ons lesers

***Die volgende skrywe is ontvang van Magdaleen van Rensburg van Heilbron gerig aan die Redakteur.***

Die artikel van 23 September 2022 in verband met Riemland Museum het betrekking.

Quarta Pretorius was betrokke by die Riemland Museum lank voor 1994. Sy het 'n reuse aandeel daarin soos die museum vandag daar uitsien. Dit is jare se toewyding en kennis.

Na my aftrede het ons twee beurte gemaak om die museum op Vrydae te beman tussen 09:00 en 12:00. Dit was 'n liefdesdiens.

Dit was ook 'n plesier om vir besoekers wat deurreis te gaan oopsluit.

Dit was 'n behoefte van my om die ou Poskantoor en Landdroskantoor wat gesloop is, asook die Commercial Hotel soos dit oorspronklik was, te skilder. Dit is te sien in die museum.

Ons is dankbaar dat Piet Lombard, wat ook 'n groot kenner en liefhebber van die geskiedenis is, bereid is om nou Vrydae die museum te beman, ook as 'n liefdesdiens.

Soos genoem, is dit baie moeilik om alleen die taak op hom te neem.

Ten slotte salueer ek Quarta Pretorius vir dit wat sy vir Riemland Museum gedoen en beteken het. Haar kennersoog het ook gou opgemerk as daar onderhoud moes geskied. Dan ook nog kopkrag vir fondse daarvoor.

Dankie ook aan Jonas wat die terrein in stand hou en wat 'n wakende oog oor ons veiligheid gehou het.

***Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer van Heilbron gerig aan die Redakteur.***

**SLOPING VAN OU GEBOU**

Dat die sloping van 'n gebou soveel kommentaar kon meebring is nogal verbasend.

Die vraag is, gaan dit werklik oor die gebou of gaan dit oor die persoon wat die ontwikkeling doen?

Die geboutjie het in 'n systraat gestaan, het die Erfenisstigting ooit enigiets gedoen om die bestaan en geskiedenis van die gebou te bemark? Nee.

As ons verder in die dorp rondbeweeg moet mens die volgende vraag vra, is die hotel wat ook 'n geskiedkundige gebou is se voorkoms en die besighede wat daar bedyf word 'n kompliment vir die dorp? Nee, allermins.

Ons museum, word dit behoorlik bemark? Is die toestand van die terrein netjies vir besoekers wat deur die dorp ry? Word die besoekerstye prominent vertoon vir besoekers wat dalk die museum wil besoek?

Ek wil nie op tone trap of vingers wys nie, maar ek dink die Erfenisstigting moet dalk gaan kers opsteek by ander dorpe waar geskiedkundige geboue versorg en instand gehou word.

Die Erfenisstigting, in samewerking met die Munisipaliteit behoort boonop duidelike dokumentering beskikbaar te stel m.b.t geskiedkundige geboue in die dorp.

Dit is onregverdig dat 'n ontwikkelaar, nádat hy die gebou gekoop het, moet hoor dat die gebou nie afgebreek mag word nie, die ligging en grootte van die gebou sou heelwaarskylik ook nie kon inpas by die nuwe ontwikkeling nie.

Die gebou aan die voorkant van hierdie betrokke gebou was ook geensins 'n kompliment vir Kerkstraat nie.


Ek dink ons moet ontwikkeling en ekonomiese groei van ons dorp ondersteun binne die raamwerk van ons geskiedenies.

# HUPPEL TRIPPEL-LEDE KUIER GESELLIG SAAM



*Op 'n lieflike lentedag, Dinsdag 4 Oktober, het 34 Huppel Trippel-lede heerlik onder die koeltebome gekuier terwyl liplekker boerewors gaar word. Ná 'n vinnige idioom-speletjie is almal bederf met 'n heerlike boerewors-brak. Op 18 Oktober is dit weer tyd vir Noot vir Noot saam met Martie Olivier as begeleier.*

# VLAM SKOK NA INWONERS TERUGKEER HUIS TOE



Terwyl Heilbronners vanaf 2020 in "levels" gelewe het as gevolg van Covid, het beurtkrag verseker dat inwoners in 2022 in "stages" lewe. Dit het vele nadele veroorsaak. Besighede spandeer nou gedurend fase 5 afhangend van die besigheid ongeveer R4 000 per dag aan diesel. Buiten dit het beurtkrag ook die naweek veroorsaak dat die van 'n huis in vlamme opgegaan het. Die huis wat in Phiritona geleë is, se slaapkamer asook die gangplafon het vlam gevat nadat die eienaar die spiraal-element aan vergeet het en die huis verlaat het. Die houer het vermoedelik omgeval en die brand veroorsaak. Die inwoners was ongedeerd, maar die kamer en meubels is redelik beskadig.

# SWAARSTE BEES OP HERSA VEILING





Op 23 September het Flippie Snyman weereens weggestap met die trofee vir die swaarste bees op Hersa se jaarlikse vetveeveiling.

Diè bul, Pablo, het die skaal volgestaan met 'n gewig van 1195 kg, maar meer merkwaardig as dit, het hy 67.4% uitgeslag.

Dis die 5de agtereenvolgende geleentheid dat Flippie met hierdie toekenning wegstap.

# ONGELUK OP DENEYSVILLE-PAD





Twee motorongelukke het die afgelope naweek op die Denysville-pad plaasgevind. 'n Beweerde dronk bestuurder het sy motor gerol, maar het gelukkig ongedeerd daarvan afgekom. Daar word beweer dat die motoris uit die kar geklim het en iemand van die owerheid gevra het om hom te help om die voertuig vanaf sy kant terug op sy wiele te rol sodat hy verder kan ry. 'n Tweede ongeluk het ook oor die naweek in die oggend-ure op dieselfde pad plaasgevind. Die motoris is oorlede. Die oorsaak van die ongeluk is onbekend.

# KLAS VAN 1981 HOU REÜNIE



*Die 1981-matrieks van Hoërskool Willem Pretorius het op 1 Oktober 2022 hul 42ste reünie gevier. Weens Covid-19 kon hulle nie in 2020 hul 40ste reünie vier nie, maar wou noudat alles terugkeer na normaal, nie langer wag vir die kuier-geleentheid nie. Mense het van naby en ver gereis om hul klasmaats weer te sien. Met die aankoms op die plaas Bankfontein in die Heilbron omgewing, moes die oudskoliere hul eers weer opnuut aan mekaar voorstel voor die verrigtinge begin het. Sowat 22 oudskoliere het die reünie bygewoon en opgevang oor die jare se gebeure.*
*Op die foto voor van links. Rudolf Cilliers*
*Tweede ry voor links: Hannelie Roeland, Neels Els (Hoofseun), Delma Pienaar, Magda Lindeque, Riana Verster (Hoofmeisie), Marinda Oosthuizen, Antoinette du Plessis, Ronel Snyman, Abrie Watson, Retha Weilbach, Sanel Smit, Eliana Mouton, Chris Myburgh.*
*Agter van links: Johan Bender, Hennie Loots, Thomas Slabbert, Gert Fourie, Jaco van Rooyen, Jan Snyman, Ronald Bouer en Annelize Weiss.*

# IN DIE EG VERBIND



*Danie en Angelique Claassen is op die 1ste Oktober 2022 te Vegkop Monument-Saal getroud. Danie is die seun van Cassie en Juanita Claassen van Sasolburg en Angelique is die dogter van Pieter en Anita du Plessis, ook vanaf Sasol. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*



*Jaco en Bianca Botha is getroud op die 24ste September 2022 te Efrata NG-Kerk Bethlehem. Jaco is die seun van Willem en Karen Botha gevestig tussen Bethlehem en Reitz en Bianca is die dogter van Pieter en Alida Snyman vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in tussen Bethlehem en Reitz.*



*Dries en Rizette Smith is op 24 September 2022 te Skierlandgoed, Oranjeville getroud. Dries is die seun van Yvonne Smit van Heilbron en Rizette is die dogter van Gerhard en Riëtte Marx van Heilbron. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.*


**LAAT ESKOM U SWEET?**

Dalk is dit nou die tyd om 'n verskil te maak -
SONKRAG EN ONDERSTEUNING STELSELS
kan 'n verskil maak!
en
gratis kwotasie is so maklik soos 'n telefoon oproep!

Gesels vandag nog met
SEBASTIAN PIETERSE
Pr Eng Electrical
SEL 082 815 5572
E-Pos - info@psspower.co.za
Webblad - www.psspower.co.za

Dit is binne u bereik!

# PINK TREES FOR PAULINA PROJEK WEER OP VOET

In 2017 was Heilbron deur Kansa aangewys as Dorp van die jaar in die Vrystaat. Heilbron het 350 bome in pienk getooi om geld in te samel vir die Pink trees projek. Pink trees for Paulina is 'n unieke projek waarin feitlik alle dorpe in die Vrystaat deelneem. Die doel van die projek is vir bewusmaking van kanker, maar ook om hoop en ondersteuning te bied aan persone wat gediagnoseer is en om hulde te bring aan diegene wat die stryd verloor het. Fondse wat deur die projek gegenereer word, word aangewend vir pasiëntesorg in die gemeenskap. Indien jy 'n boom wil borg, kom kry gerus 2m lap by Louise Snyman Rekenmeesters. Die gemeenskap word uitgenooi om te help om weer Dorp van die jaar te wen en so ook inwoners in die gemeenskap te help en ondersteun. Almal ken tog wel iemand wat kanker gehad het of het. Kom ons maak die dorp pienk!!!



*Betsie Badenhorst Walsh (KANSA-Voorsitter 2017), Alica Greeff en Sjantyne Cooney*

# BRONNIES SE MATRIEKS PRONK IN HUL MOOISTE VERE

Die matrikulante van Hoërskool Heilbron het Donderdag 29 September in hul mooiste vere gepronk tydens die matriekafskeid. Die toeskouers se asems was soos elke jaar weggeslaan deur pragtige rokke waarin die jong dames verskyn het by diè glansgeleentheid. Die tema "The Great Gatsby", het ook gesorg vir 'n sprokie-mooi saal. Die ouers was hartlik uitgenooi om vooraf saam 'n skemerkelkie te geniet. Mnr. David Knight (Waarnemende Skoolhoof) het in sy toespraak aan die leerlinge verduidelik om nie hul toekoms te jaag nie en mooi na te dink oor hul toekomsbesluite. Matrikulante het heerlik geëet, gekuier en gedans tydens die geleentheid. Die onvergeetlike aand sal nog vir baie jare deur die leerders en ouers gekoester word.

Foto-erkeninng: André Pretorius Fotografie





















**DIE MATRIEK FOTOBLAD IS MOONTLIK GEMAAK DEUR STAR SLAGHUIS • TWIST & CURL • LOUISE SNYMAN REKENMEESTERS • PLATTELAND APTEEK • HERALD OFFICE NATIONAL**

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
**Surname:** GREYLING
**First names:** JOHANNES GERHARDUS
**Estate number:** 8045/2021
**Identity/passport number:** 531230 5040 085
**Date of death:** 30/7/2021
**Last address:** 101 Pierce Street, Heilbron, 9650
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 7 October 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2022/09/29**
**PUBLICATION ON: 2022/10/07**


CORNELIUS & VENNOTE INGELYF HEILBRON

Benodig die dienste van 'n

**ALGEMENE TIKSTER**

Met tikervaring vir algemene regswerk.

Ondervinding in Boedels en/of Aktes sal 'n aanwins wees.
1 November 2022 vir diensaanvaarding.

**Stuur volledige CV's vir aandag AA Schutte**
**Kerkstraat 40, Heilbron**
**E-Pos: amanda@corven.co.za**


## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given that under the provisions of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue a certified copy of Deed of Transfer Number T19244/1995 dated 17 October 1995 passed by –
**NARINE CLAUDIA HORNE**
**Identity Number 380603 0049 00 8**
**Divorcee**
in favour of –
**PIETER JOSEPH PRETORIUS**
**Identity Number 440907 5031 08 7**
**Married out of community of property**
in respect of certain –
**ONE HALF (½) SHARE OF ERF 269 ORANJEVILLE, district HEILBRON, Province FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of publication of this notice.
**APPLICANT:**
**EXECUTOR: JACO VAN JAARSVELD**
**ADDRESS: CATS CORNER BUILDING,**
**39 KROTON STREET**
**SOUTH, WELTEVREDENPARK, 1709**
**E-MAIL ADDRESS: laura@em.law.za**
**CONTACT NUMBER: 011 4759422**
**REF: MAT14607**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TL12664/1993** passed by **JACOBUS ALBERTUS VAN ZYL** in favour of **MAMPEI ZIPHORAH MOKWANI** in respect of certain **ERF 256, 164 and 220, KWAKWATSI, KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 4th day of October 2022.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**P.O. BOX 21**
**KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 77 1884**
**E-MAIL: koppies@corven.co.za**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za





BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**








# TE KOOP

**ROTTWEILER TE KOOP**
Rottweiler het al 3 "puppy" entings gekry, rabies ent en ontwurming is reeds gedoen.
Opreg.
Prys: R5 500
Skakel 076 212 1474
Koppies
DB


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R








# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# BESIGHEIDSLIGA BEGIN MET 'N "BANG"

Baie mense glo dat die wêreld met 'n groot "bang" ontstaan het. Hoe jy ookal glo maak nie saak nie, maar dat rolbal se "BESIGHEIDSLIGA" Donderdag met 'n groot "bang" begin het, dít is 'n absolute waarheid.

Hier op 'n baie gelyk oppervlak is 54 mense met twee rolballe elk, besig om dit 12 keer van die een kant van die baan na die anderkant van die baan te rol. Teoreties is 'n totaal van 1296 balle gerol, uitgesluit die foutiewe balle.

Uit die aard van die ernstigheid waarmee daar gerol is, is elke bal met groot entoesiasme deur spanlede aangemoedig, terwyl kollegas en vriende net so entoesiasties vanaf die kantlyn deelgeneem het aan hierdie lekkerte.

Soms was die bal te kort, soms te ver verby, maar ag, wat maak dit saak? As die senuwees knaag of die energie raak dalk skraps, vul ons dit aan met 'n "energiedrankie". Soos 'n goeie "Dokter", was Edward Muller en sy helpers deurentyd gereed met die bediening van "energiedrankies".

Onder leiding van Elza Kriel het die dames in die kombuis gesorg vir groot smaaklike vetkoeke met maalvleis. Dis nou van daardie vetkoeke wat jou na ouma se huis laat verlang.

Met al die lekkerte van die aand, lag en skree, is daar darem ook 'n onderliggende ernstigheid, want aan die einde van die liga, oor die volgende 4 weke, is daar 'n pragtige trofee wat aan die wenspan oorhandig sal word.

Besoekers word uitgenooi om te kom deel in hierdie lekkerte op Woensdag 12 Oktober en bestel dan sommer 'n heerlike Ribburger by Hannalie Claassen 079 040 0531 of Elza Kriel 083 988 5712.
















RALEIGH FIETS TE KOOP

Groen Raleigh meisiesfiets te koop. Fiets so te sê splinternuut. Eienaar het geëmigreer. **Skakel** 083 644 0094



**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 11 OKTOBER 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**WOENSDAG - 12 OKTOBER 2022**

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

STANDERTON: SUIDELIKE HoËVELD DRAKENSBERGER KLUB
42 Bulle
11:00, HoËveld veilingskompleks
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**VRYDAG - 14 OKTOBER 2022**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BLOEMFONTEIN: HATARI & ROOIHEK PRODUKSIEVEILING
Dormer skape
11:00, Goeiehoop Farm
Kontak Marius 082 561 2917

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

**Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.**

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

